

## **Sing vooraf staande: Psalm 89:9 (p. 446)**

- 9 My hand sal hom bewaak, bestendig dag en nag; / my arm sal hom in nood versterk met moed en krag.  
Val hom die vyand aan, dit sal hul nie geluk nie; / die man van onreg sal hom nooit kan onderdruk nie;  
wie hom beangstig, of dit ooit teen hom wil wae, / dié sal my hand besoek met strafgerig en plaë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 103:3 (p. 504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,  
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,  
vergeld die kwaad en straf die onregstichter, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 38:1, 17 (p. 189)*

Wet

## Psalm 38:1, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.  
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.
- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!  
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gebed

- **Doksologie**
- **Aanbidding**
- **Skuldbelydenis**

**Vergifnis**

- **Dank**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens**

**Amen.**

## Psalm 107:8 (p. 535)

- 8 Wie dwaas en ongebonde / geleef het, tref die straf;  
gevang deur eie sonde, / mat plaag op plaag hul af,  
sodat hul die genot / van alle spys versaak het,  
in sware lewenslot / die doodspoort al genaak het.

Skriflesing: Psalm 92

Teks: Psalm 92; Kategismus Sondag 4

Sondag 2 het ons geleer dat ons werklik in 'n ellendige sondige toestand verkeer.

- Daar het ons ook gesien dat die wet van die Here glad geen twyfel daaroor laat nie – ons doen byna elke oomblik sonde – en ons oortree al die gebooie van die wet.
- Daar is nie eers een van die gebooie wat ons kan onderhou nie.

Nou bekyk ons weer hierdie saak.

- Dit is tog baie duidelik dat ons nie die wet kan onderhou nie. Ons is net nie in staat om so heilig te lewe as wat van ons verwag word nie!
- Waarom hou die Here dan die Tien Gebooie voor ons? Is die Here dan nie nou onregverdig teenoor ons as Hy van ons verwag om dinge te doen wat ons werklik nie kan nakom nie?

Ons worstel almal met hierdie saak en dis waarom ons hier geleer word hoe die straf en die genade van die Here deur die wet openbaar word.

- Eers word ons geleer dat die Here die volste reg het om sekere dinge van ons te eis.
- Dan word ons in die volgende vraag geleer dat die Here ook die volste reg het om ons te straf omdat ons nie gehoorsaam wil wees nie.
- Maar ons word dan in die laaste vraag geleer van die liefde van God.

Die HERE het 'n raadsplan vasgestel waarvolgens Hy ons van ons sondes verlos.

- Wie van ons is daar wat nog nie geworstel het met die wil van die Here nie? Wie van ons het nie al getwyfel en gevra of die Here werklik regverdig is nie?
- Ons kan nie altyd verstaan waarom die Here sekere dinge doen in ons lewe nie.
- Baie keer lyk die beskikkinge van die Here vir ons heeltemal verkeerd en agterstevoor.

Ons het ook voorbeelde van hierdie dinge in die Bybel. Dink maar net aan Jakob.

- Hy was aanvanklik een van die oneerlikste mense denkbaar.
  - Onthou byvoorbeeld hoe hy met Laban se vee geknoei het om vir homself die beste veekudde op te bou.
  - Van sy broer Esau lees ons kwalik iets verkeerd in die Bybel.
  - Maar daar staan tog geskryf dat die Here Esau gehaat het, en vir Jakob liefgehad het. Is dit regverdig?

Of Dawid, die groot koning van die Ou Testament.

- Hy steel Uria se vrou.
- Dan laat hy Uria nog op die lafhartigste manier denkbaar vermoor.
- Uiteindelik sê die Here Dawid mag nie eers sy tempel bou nie, want hy het te veel bloed vergiet.
- Maar die Here sê Dawid is 'n man na sy hart!

Waarom is ons vertolking van wat reg en verkeerd is, dan dikwels so anders as die Here s'n?

- Die eerste anderse vertolking is alleen al die feit dat ons 'n wet van God ontvang het wat ons nie kan onderhou nie.
- Ons sit met die probleem dat God weet dat ons nie die wet kan onderhou nie, maar ons word nie van die wet onthef nie!

Almal van ons het al probeer om streng volgens die Tien Gebooie te lewe.

- En almal van ons het net elke keer agtergekom dat ons nie kan nie.
- Ons het net meer en meer oortuig geraak van ons onvermoë teenoor die wet.

En asof dit nie al klaar genoeg is om ons te ontmoedig nie, lees ons in die volgende vraag: *Sal God nou hierdie ongehoorsaamheid ongestraf laat bly?*

- Die antwoord ruk ons! Daar staan dat God die ongehoorsaamheid sekerlik nie ongestraf sal laat bly nie!
- Hy vertoorn Hom oor al die sondes, en Hy gaan dit met 'n regverdige oordeel straf.
- Daar sit ons dadelik met die probleem van die regverdigheid van die Here wat ons nie kan verstaan nie.

Dan lees ons die laaste vraag: *Is die Here dan nie ook barmhartig nie?*

- Teen hierdie tyd hunker ons al na genade. Want tot sover was hierdie vrae nog almal vol van die duisternis van die oordeel.
- Dan leer ons uit die Bybel dat God wel barmhartig is, maar dat Hy ook regverdig is. Weer die kwessie van regverdigheid.

Hoe kom genade en regverdigheid by mekaar uit? Om die dinge te kan verstaan en te kan glo tot ons troos, moet ons eers ondersoek wat regverdigheid dan is. Wat beteken regverdigheid by die Here?

Kom ons soek eers die rede waarom ons beskouing van reg verskil van God se beskouing van reg.

- Die probleem kom daarby dat ons siening van reg en verkeerd deur die sonde verduister geraak het.
- Mettertyd het ons in ons selfsugtigheid ons eie beskouinge so op die voorgrond geskuif dat ons God se regsbeskouing van ons vervreem het.

Deur die sonde het die saak nou so ver gevorder dat die moderne mens sy regs-beskouing op God wil oordra, in plaas daarvan dat hy gaan luister na wat die Here eis.

- By sekere mense is die saak al so ver gevorder dat hulle opstandig word as die Here nie reg en geregtigheid laat geskied soos hulle dit graag wil hê nie.
- Dis asof hulle die Here voor 'n menslike regbank wil daag.

En dis presies waar die fout van hierdie hele saak lê.

- Ons meet met verkeerde maatstawwe.
- Ons kan nie reg en geregtigheid meet met ons maatstawwe nie, want ons kan die Here nie met ons maatstawwe meet nie!
- Die feit van hierdie saak is net dat God reg is in sy wet – Hy is die enigste Een wat werklik kan oordeel oor reg en verkeerd, en nie ons nie.

Met dié saak in gedagte, ondersoek ons hierdie saak reg van die begin af.

- God skape die mens.
- Hy gee aan die mens die opdrag om in gemeenskap met Hom te lewe. Die mens moet God aanbid. Hy moet na God se stem luister.
- Dit is God se geregtigheid.

Daarom kom God en Hy rig 'n verbond op waarin Hy bepaal dat Hy ons God is en ons sy volk. Die gedagte van die verbond is dus niks anders as die doel waarvoor die mens geskape is nie!

Dan kom die sondeval.

- Die mens kom in 'n verhouding van ontrou teenoor die Here.
- Dit is, met ander woorde, in 'n verhouding van ongeregtigheid.
- Want die mens het meteens op die aanbeveling van die satan geweier om aan God die eer te gee.

Prakties het dit beteken dat die mens nuwe eise en waardes begin stel het.

- Hy wil God nie meer eer nie, want hy dink dat dit regverdig sal wees as hyself God is.
- Die nuwe eise wat die mens stel, breek dus die band van gemeenskap met God.
- Regverdigheid word nou vir die mens om heeltemal selfstandig te lewe – sy eie lewe te lei – soos ons dit vandag nog stel.
- Regverdigheid word dus om los van God te wees.

So het die dinge wat van die begin af ongeregtigheid is by God, vir die mense geregtigheid geword.

- Dit is waarom ons waardes van God se waardes verskil.
- Ons het verander, terwyl God se reg konstant gebly het.

Nou kry ons hierdie verkeerdheid in ons lewe. Het u al opgelet hoe verkeerd ons soms bid?

- Ons bid dat die Here nie sy geregtigheid oor ons moet voltrek nie omdat ons dan vernietig sal word.
- Ons bid dan dat die Here ons juis genadig moet wees.
- Is die saak nie dalk heeltemal anders nie? Want dit is mos juis God se geregtigheid wat Hom daartoe beweeg om genade aan ons te bewys!

Die geregtigheid van God is dat Hy in liefde vir ons 'n Vader is wat sy kinders liefhet.

- Die geregtigheid van die Here is dat Hy ons anders geskape het as die diere, en dat Hy die volste reg het om van ons te eis om aan sy geregtigheid te voldoen.
- Daarom is ons geregtigheid – en dit wat ons meestal as reg sien – vals omdat ons gemeenskap met God verbreek is, en die geregtigheid van die satan onder ons hoogty vier.

Ons het die volste vermoë gehad om die geregtigheid van die Here te onderhou, maar ons het dit anders verkies.

- Die regverdigheid van God het met ons val niks te doen nie, want die geregtigheid van God het juis daarin bestaan dat Hy ons geskape het in ware geregtigheid en heiligheid!
- Moet die Here dan nou sy geregtigheid wysig omdat ons geregtigheid bederf geraak het?
- Kan ons verwag dat die Here sy eise aan ons moet verswak omdat ons uit eie keuse in sonde geval het? Natuurlik nie!

Dit bring ons by die tweede saak: Terwyl dit dan nou ons eie skuld is dat ons nie meer die wet van die Here kan hou nie, kan ons mos ook nie van Hom verwag dat Hy die sondes ongestraf moet laat bly nie!

- Dan is dit tog logies dat Hy eintlik nie anders kan nie as om die sondes te straf wat teen sy majesteit begaan word!
- Omdat Hy God is, moet Hy sy heiligheid handhaaf!

Wanneer ons nog die wet van die Here probeer handhaaf, misluk ons omdat dit met 'n halfhartige houding onderhou word.

- Ons probeer op so 'n manier aan die Here gehoorsaam wees dat ons dit altyd oorweeg of die sondige weg langs die wet van die Here nie dalk meer aangenaam gaan wees om te doen nie!

Hierdie sonde-probleem gaan nou nie oor Adam nie. Dit gaan oor ons.

- Dis ons wat ons lewe soek buite die geregtigheid van God.
- Ons het deur die sonde 'n valse stel reëls vir reg en geregtigheid ontwikkel, en nou verwag ons dat God daaraan moet voldoen.
- Dit gebeur omdat ons blind geword het vir die waarheid. Dit het ook gebeur omdat ons sag geword en begin glo het dat die wet as spieël verval het omdat die wet in Christus volbring is!

Al het Christus vir ons die wet volbring, moet ons onthou dat die wet nie verval het nie.

- Ons oordeel steeds aan die hand van God se wet wat regverdig is en wat nie.
- Daarom straf God tot vandag toe diegene wat nie sy wet onderhou nie.

Omdat daar na die sondeval geen mens was wat die wet kon hou nie, het God sy Seun gestuur.

- Hy moes as 'n mens lewe – gebuk onder die wet.

- God se geregtigheid het so besluit sodat daar vir ons verlossing moontlik sou word.
- God se geregtigheid het besluit dat die Here Jesus se kruisdood en opstanding sou verhoed dat die satan God se werk sou vernietig.
- Vir al hierdie redes sterf die Here Jesus Christus.

Maar nou sien ons dadelik en duidelik dat daar 'n dubbele dimensie in Christus se werk is.

- Sekerlik is daar genade vir die wie se sondes aan sy liggaam gestraf is – hulle is nou onskuldig voor God omdat hulle sondes aan Christus gestraf is.
- Hulle is versoen met die Here.
- Maar die ander verkry hierdeur die besliste oordeel.

Sonder die sonde sou die Here Jesus Christus nie die felste toorn van God en die smaad van die mense moes verduur nie.

- Nou bring die geregtigheid van God 'n verdeeldheid in die wêreld –
- die uitverkorenes tot verlossing en die ongehoorsames tot veroordeling.

Gaan soek dan die geregtigheid van die Here. Dis die enigste reg en geregtigheid wat aan u die verlossing kan gee, want daarin sal u die reg van die Here Jesus Christus vind.

Kom ons lees saam wat ons belydenis hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 4:

**Vraag 9: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?**

**Antwoord:** Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.

(a) Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.

**Vraag 10: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?**

**Antwoord:** Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).

(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.

**Vraag 11: Is God dan nie ook barmhartig nie?**

**Antwoord:** God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word – dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.

(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 5-2:4 (7:4)

- Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,  
die straf uit swaarste regsgeding, / wat ons die volle vrede bring,  
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.  
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 7 Maart 2010**